SKOOLDAGORDEREËLINGS

1. SKOOLURE

- Ma.-Do.: 7:20 - 13:35.
- Vr.: 7:20 - 13:00.
- Leerders tree elke oggend om 7:15 aan by hul voogklasse. Leerders van die A-blok tree aan by die aantreeblad en mag eers inbeweeg na klasse nadat personeelvergadering afgehandel is.
- Laatkommers gaan direk klas toe waar die personeellid die leerder van afwesig na laat sal verander op CRM.
- Elke eerste dag van 'n kwartaal begin skool 08:00 met opening.

2. KLASWISSELING

- Klaswisseling moet ordelik en vining geskied.
- Daar word 5 minute wisseltyd tussen periodes gegee. 'n Tweede klok sal lui om die begin van akademiese tyd aan te dui. Na die akademiese klok mag negatiewe punte vir laat vir klas toegeken word.

3. VOOR SKOOL EN POUSE

Voor skool:

- Geen leerders mag voor skool agter die gimnasium, agter die G-blok, in of by motors, by Voorspoedkoshuis of op A-veld pawiljoene wees nie.

Pouses:

- Alle leerders moet tydens pouses op die grasperke voor die skool of op die B-rugbyveld wees.
- Geen leerder mag gedurende pouses op die stoepe wees nie.
- Leerders mag nie pouses in 'n klaskamer wees sonder toesig/toestemming van 'n onderwyser nie.
- Geen leerders mag agter die gimnasium, agter die G-blok, in of by motors, by Voorspoedkoshuis of op A-veld pawiljoene wees nie.
- Leerders moet onmiddellik reageer op die lui van die klok na pouse en klas toe beweeg.

4. AFWESIGHEDE/UITTEKEN

- Volgens Skrywe E35 van 2015 deur die Departement van Basiese Onderwys, moet 'n leerder daagliks skool bywoon.
- Indien 'n leerder vir 'n dag of langer afwesig was, moet ouers 'n geldige verskoning aanbied en redes aanvoer. (Per brief, e-pos, WhatsApp, ens.)
- Geen leerder mag die skoolterrein tydens skoolure verlaat indien hy/sy nie vooraf die nodige toestemming en uittekenstrokie het nie.
- Leerders wat geldige afsprake het, moet vooraf 'n skriftelike versoek vanaf ouers saambring en ingee by ontvangs. Afsprake (tandarts, dokters, ens.) moet sover as moontlik vir ná skoolure gereël word.
- Ouer moet leerder by ontvangs uitteken in die uittekenboek. Indien iemand anders as ouers/voogde die leerder kom uitteken, skakel ontvangsdame die ouers om te bevestig.
- Uittekenstrokie: Pienk afskrif word aan VRL gegee, wit strokie word by die hek getoon as terrein verlaat word en word by leerder gehou.
- Indien 'n leerder voor 10:00 uitteken, sal die leerder afwesig gemerk word vir die dag.

5. LEERLINGRAAD EN VRL

- Leiers word deur die personeel en leerders verkies. Dit word van leerders verwag om leiers ten alle tye te respekteer en hulle opdragte uit te voer.

- Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) word in klasverband deur leerders in klas verkies en tree ook op as klasleiers.
- In albei gevalle geld daar sekere kriteria om genomineer te word.
- Sien VRL-beleid op bl. 18 en Leerlingraadverkiesingsbeleid op bl. 20.

6. SELFOONBELEID/PERSOONLIKE MOBIELE TOESTELBELEID

- Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies van of skade aan mobiele toestelle, hetsy op die skoolterrein of elders nie. Dit word sterk aangeraai dat leerders hul mobiele toestelle op 'n veilige plek (tasse of sluitkaste) bêre wanneer dit nie gebruik word nie.
- Selfone, iPads en skootrekenaars mag klas toe geneem word en vir akademiese doeleindes gebruik word slegs in opdrag van 'n opvoeder. Selfone, iPads en skootrekenaars wat in die klas vir privaat doeleindes gebruik word, sal vir 'n minimum tydperk van 1 week gekonfiskeer word.
- Die gebruik van mobiele toestelle sonder toestemming tydens opening of ander amptelike byeenkomste sal ook lei tot konfiskering.
- Mobiele toestelle, insluitend slimhorlosies, word nie toegelaat tydens toetse en eksamens nie. As jy in besit van enige van hierdie gevind word, selfs al is dit onopsetlik, sal jy skuldig bevind word aan bedrog en sal dit onder die gedragskode en dissiplinêre stelsel hanteer word as "oneerlik in toets/eksamen".

7. SOSIALE MEDIA

- Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting is van toepassing. Enige persoonlike inligting wat 'n persoon kan identifiseer, kan nie op enige publieke forum gedeel word sonder die toestemming van die persoon nie.
- Die onvanpaste gebruik van 'n mobiele toestel (pornografie, kuberafknouery, vloek, insluitend onvanpaste neem of verspreiding van foto's/video's/klankopnames) sal onmiddellike dissiplinêre stappe volgens dissiplinêre stelsel tot gevolg hê.
- Die skool se Soekbeleid is van toepassing op leerlinge se mobiele toestelle.

8. KAFETERIA

- Geen leerders mag die kafeteria besoek tydens klastyd nie.
- Kos moet voor skool by die kafeteria (vanaf 07:00) of per WhatsApp bestel word.
- Spyskaart: sien bl.24

9. ALGEMEEN

- As jy die skool verlaat of na 'n ander skool verhuis, kry jy 'n vorm by mev. Van Nieuwenhuizen. Hierdie vorm moet volledig voltooi word en deur al jou onderwysers geteken word wanneer jy jou boeke en studiegidse inhandig. Eers daarna sal jy 'n oorplasingsertifikaat ontvang.
- Die volgende trappe is slegs op-trappe: Die middelste trappe in die G-blok en die trappe by E1/A40. Alle ander trappe mag vir op- of afgaan gebruik word.
- Die gang wat verby die personeelkamer loop, mag slegs deur personeel en graad 12's gebruik word.
- Leerders mag nie musiek op die skoolterrein speel met luidsprekers en ander toestelle sonder skriftelike toestemming nie. Toestelle sal gekonfiskeer word.
- Geen persoonlike verkope mag op terrein plaasvind nie.
- Geen kosaflewering vanaf dorp word toegelaat tydens skoolure nie.
- Skole is rookvrye areas volgens die SA Skolewet. Onder geen omstandighede mag daar op die skoolterrein gerook of gedamprook (vape) word nie. Sigarette en vapes sal onimddellik gekonfiskeer word.
- Geen dwelms of wapens word toegelaat op skoolterrein nie. Polisie sal onmiddellik ontbied word.

SKOOLTERREIN EN EIENDOM

1. NETHEID EN VERSORGING

- Rommelstrooi is verbode.
- Hantering van brandblussers en -slange is verbode behalwe in geval van nood.
- Geen skooleiendom mag beskadig of bekrap word nie.
- Handboeke moet oorgetrek en opgepas word. Beskadigde of verlore handboeke of enige ander skooleiendom, sal deur die leerling betaal word.

2. KLEEDKAMERS

- Voor skool, pouses en na skool moet badkamers by pawiljoene gebruik word.
- Tydens skoolure:

Dogters	Gr. 12:	E-blok (Langs mev. Le Roux se klas)
	Gr. 8-11:	Dogtersbadkamers naaste aan klas
Seuns	Gr. 12:	E-blok (Vierkant)
	Gr. 8-11:	Seunsbadkamers naaste aan klas

- Kleedkamers moet ten alle tye netjies gehou word.
- Geen samedromming in of naby kleedkamers nie.
- Gebruik kleedkamers soos beskaafde, opgevoede mense.

3. LEERDERS MET VOERTUIE

- Leerders met 'n wettige bestuurslisensie mag met die skool se toestemming met voertuie skool toe kom. 'n Parkeerskyfie moet op die voorruit verskyn. Parkeerskyfies is beskikbaar in die skoolfondskantoor teen R30. Lisensie moet getoon word by aankoop van parkeerskyfie.
- Leerders met voertuie mag slegs onder die bome voor die saal parkeer.
- Leerders mag slegs met 'n getekende uittekenstrokie met voertuig die terrein verlaat tydens skoolure.
- Geen leerder mag tydens skooltyd of pouses in of by motors wees nie.

AKADEMIE

1. KLAS- EN VAKVERANDERINGE

- Klasveranderings sal slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat word.
- Vakveranderings word slegs aan die begin van die eerste tot derde kwartale toegelaat.
- Vakveranderingvorms word by mev. Van Nieuwenhuizen gekry en moet volledig voltooi word. Ou en nuwe vakonderwysers, sowel as ouers moet vorm teken.
- Leerders moet hulle nuwe roosters toon voor hulle by nuwe vakke toegelaat word.
- Leerders moet die werk so gou moontlik inhaal op hulle eie onkoste.

2. ASSESSERINGSPROGRAM

- **Graad 8 - 11**
  - In kwartaal 1 en 3 word daar gekontroleerde toetse geskryf
  - Aan die einde van kwartaal 2 en 4 skryf leerders eksamen oor al die werk tot op datum behandel.
- **Graad 12**
  - In kwartaal 1 word gekontroleerde toetse geskryf.
  - Aan die einde van kwartaal 2 ,3 en 4 skryf leerders eksamen oor al die werk tot op datum behandel.

3. TOETSE EN EKSAMENS

- Tasse / sakke / selfone / pennesakkies / slimhorlosies mag onder geen omstandighede by leerders wees tydens die toets-/eksamensessies nie.
- Om die eindeksamen te skryf moet alle assesseringstake (ingesluit PAT-take) ingehandig wees.
- Geen leerder sal aan die einde van die jaar toegelaat word om eksamen te skryf in 'n vak indien die handboek/-e nie ingehandig is of betaal is nie.
- 30 minute na die einde van die toets-/eksamensessie moet alle leerders van die skoolterrein af wees of terug wees in die koshuis. Geen leerders mag by die kafeteria rondhang nie.

4. KONSESSIES

(EKSTRA TYD, LESER, SKRYWER, TIK, APARTE LOKAAL, SPELLING)

- Departementele riglyne vir konsessies moet gevolg word. Slegs leerlinge met die korrekte aansoekvorms en opvoedkundige sielkundige verslag sal geakkommodeer word. Aansoeke moet jaarliks voor einde Februarie ingedien word.
- Mev. Smit is die koördineerder van die konsessies en kandidate met spesiale versoeke.
- Die skool maak gebruik van opgeleide persone vir konsessies.
- Markverwante kostes sal gehef word waarvoor ouers verantwoordelik is.
- Kostes vir 2023: Aparte lokaal – R100 per vraestel
  Leser en skrywer – R120 per uur.

5. PUNTE

- Indien 'n leerder afwesig is vir 'n assessering sonder 'n amptelike verskoning (bv. doktersbrief) kry die leerder 0 vir die opdrag.
- Indien 'n leerder wel 'n amptelike verskoning aanbied:
  - moet leerder die toets so gou moontlik inhaal wanneer hy/sy terug is by die skool,
  - indien die leerder nie skryf nie, word hy/sy afwesig gemerk vir die opdrag, en die opdrag word buite rekening gelaat met die berekening van sy/haar kwartaalpunt.
- Indien 'n leerder 'n taak laat inhandig, word 20% van die puntetotaal afgetrek. Vir elke daaropvolgende skooldag wat 'n taak laat is, word daar 'n verdere 10% afgetrek vir die volgende 8 dae. Daarna word die taak nie meer nagesien nie en verdien die leerder dus 0.
- Leerders sal gepenaliseer word vir plagiaat.
- 'n Leerder wat afwesig is tydens kontroletoets of eksamen kan nie in ag geneem word vir die Top 10 nie.
- Top 10 word elke termyn (kwartaalliks) aangekondig en word bepaal deur die gemiddeld van die 7 voltydse-/roostervakke by Graad 10-12.

6. SLAAGVEREISTES

- **Graad 8 en 9**
  - Huistaal - 50%
  - Eerste Addisionele Taal – 40%
  - Wiskunde – 40%
  - Van die ander ses vakke moet in drie 40% behaal word en in twee 30%. Een van hierdie vakke mag gedruip word.
- **Graad 10 – 12**
  - Huistaal – 40%
  - Van die ander ses vakke moet in drie 40% behaal word en in twee 30%. Een van hierdie vakke mag gedruip word.
- Indien 'n leerder vir meer as 20 dae sonder 'n geldige rede afwesig is, word die leerder gediskwalifiseer vir bevordering na die volgende graad.

7. OUERAANDE

- Daar is twee akademiese oueraande gedurende die jaar: aan die begin van die tweede en derde kwartale.
- Die eerste oueraand vind plaas aan die begin van die tweede kwartaal nadat rapporte uitgedeel is. Personeel word in hul klasse gespreek. Alle ouers is welkom.
- Die tweede oueraand vind aan die begin van die derde kwartaal plaas op uitnodiging van die personeel en/of per afspraak deur ouers.

8. VAKKE AANGEBIED IN GRAAD 10-12

- **Verpligte vakke**
  - Afrikaans Huistaal
  - Engels Eerste Addisionele Taal
  - Lewensoriëntering
  - Wiskunde OF Wiskunde Geletterdheid
- **Keusevakke (3 van onderstaande vakke moet gekies word)**
  - Visuele Kuns
  - Ontwerp
  - Rekeningkunde
  - Besigheidstudies
  - Verbruikerstudies
  - Toerisme
  - Geografie
  - Inligtingstegnologie (IT)
  - Rekenaartoepassingstegnologie (RTT/CAT)
  - Lewenswetenskappe
  - Fisiese Wetenskappe
  - Landboubestuurspraktyk
  - Landboutegnologie
  - Ingenieursgrafika en –ontwerp
- **Agtste vakke**
  - Dramatiese Kunste
  - Religiestudies

FUNKSIES/SKOOLBYEENKOMSTE

By alle funksies soos genoem hieronder sal personeel aan diens wees vir 15 minute na die funksie. Daarna gaan leerders na die sekuriteit binne die skoolterrein by die voorhek. Geen leerder mag buite die skoolterrein wag nie.

1. AANDFUNKSIES

- Slegs vir leerders van MHS tensy anders gereël.
- Die tipe funksie bepaal of skooldrag verpligtend is of nie.
- Die saal moet na gebruik netjies gelaat word.

2. SPORTBYEENKOMSTE

- Deelnemers moet hulle amptelike sportdrag tydens byeenkomste dra.
- Slegs skoolsweetpakke is toelaatbaar, geen ander sweetpakke nie.
- Leerders wat sportbyeenkomste bywoon as ondersteuners, moet volle skooldrag of Middiedrag dra, soos vooraf afgekondig / gereël.

3. VERPLIGTE FUNKSIES

- Alle tuis sportbyeenkomste (leerlingraad en graad agts bly tot aan die einde van die byeenkoms)
- Derby teen HTSM
- Alzu Tour de Farm (VRL, Graad 8 en 9).